

Vrydag 17 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:9-11

Die Here se oordeelsbeker!

Die beeld van 'n beker met drank wat die oordeel van God uitbeeld, kom meermale in die Skrif voor. Vergelyk die volgende gedeeltes:

- *Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die HERE die beker van sy grimmigheid gedrink het; die kelk van bedwelming het jy uitgedrink, uitgesuig (Jes. 51:17, 1953-vertaling).*
- *So sê jou Here, die HERE, en jou God wat die saak van sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van my grimmigheid; jy sal dit verder nie meer drink nie (Jes. 51:22, 1953-vertaling).*
- *Want so het die HERE, die God van Israel, vir my gesê: Neem hierdie beker van die wyn van grimmigheid uit my hand en gee dit om te drink aan al die nasies na wie Ek jou stuur (Jer. 25:15, 1953-vertaling).*
- *Jy het jou versadig met skande in plaas van met eer -- drink jy ook nou, en wees ontbloot. Na jou toe sal die beker van die regterhand van die HERE omgaan, en skande tref jou eer (Hab. 2:16, 1953-vertaling).*
- *En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn (Op. 16:19, 1953-vertaling).*

Die straf wat in die beker van grimmigheid uitgebeeld word, word beskryf as brand met vuur en swael. Die vuur gee pyn – die straf/hel is dus 'n plek van pyn. Die swael verstik en maak dat jy asemnood het en benoud is – dit teken die angs wat in die hel is. Dit is 'n swaar straf wat by niemand enige deernis wakker maak nie – hulle is daar omdat hulle dit verdien!

Daardie straf is tydloos en gaan nooit verby nie. Dit duur tot in ewigheid! *En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie (Op. 14:11, 1953-vertaling).*

Sing: Psalm 75-1:5

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)